

# VOORBIDDING

**VERRAS DEUR DIE TUINIER**


**WEEK 2**

*Liewe Here,*

*Help my om aan te meld,*
*my hand vir iemand wat vriendskap nodig het,*
*my begrip vir iemand wat wil hê 'n ander moet luister,*
*my bedagsaamheid vir iemand wat nodig het*
*om te weet dat 'n ander omgee,*
*my vriendelikheid vir iemand wat onvriendelik*
*deur die lewe behandel word,*
*my geselskap vir iemand wat eensaam is,*
*my kalmte vir iemand wat*
*onseker, verward of verdwaas is,*
*my vertroosting vir iemand wat treur,*
*my welwillenheid teenoor heel U skepping,*
*my deernis vir alles wat lewe.*

*Liewe Here, help my om vandag soos 'n tuin te wees met volop water*
*en om ander te verras met strome van seën.*

*Amen*



---

Jy word hartlik uitgenooi om saam met ons stil te word in die Here se teenwoordigheid.
In die halfuur voor die Omgeegroepe begin, is die Kapel oop vir gebed.
Kom rus ’n oomblik, luister na God se stem, bid saam vir die reeks en vir ons gemeente.
Almal is welkom.

# VORM & VOLG

REEKS: VERRAS DEUR DIE TUINIER

# DIE TUIN AS GOD SE TEENWOORDIGHEID

8 FEBRUARIE 2026 | WEEK 2 | GEN. 2:8–9; JES. 58:11

## 1. KUIER

Maak lekker koffie of tee en gee elkeen die geleentheid om te sê hoe hulle week was. Gee kans dat elkeen hulle hoogtepunte, laagtepunte en ook Godstories van die week deel. Deel ook hoe jy verder gereflekteer het op laasweek se vraag - Hoe en waar sien jy vir Jesus raak of mis-herken jy Hom soms?

## 2. WORD STIL

Steek ‘n kers aan en luister na die lied van Porter’s Gate - The Kingdom of Jesus: “To what shall we compare the Kingdom of Jesus if not a seed? It's small, it's sewn, it's tended and grown and it's sturdy in you and me Its branches never break and its fruit never withers”.
https://www.youtube.com/watch?v=S6-UneKFn2I

## 3. WANDEL IN DIE WOORD

Lees Genesis 2:8-9 en Jesaja 58:11 saam deur.

Gee 30 sekondes van stilte, voor 'n tweede leser die teks hardop lees.

Let op wat vir jou uitstaan wanneer hierdie teks hardop gelees word:

- ‘n Woord
- ‘n Frasen Gedagte
- ‘n Vraag
- ‘n Onsekerheid
- Dalk neem hierdie teks jou gedagtes na iets in jou eie lewe

## 4. GESELS

- Draai nou twee-twee na mekaar en deel vir die ander een wat jy vandag gehoor het in die teks. (Gee genoeg tyd dat beide mense met mekaar kan deel)
- Draai nou terug in die groot groep. Gee geleentheid dat elkeen kortliks kan deel wat hulle by die persoon langs hulle gehoor het.

Bespreek die volgende saam in die groep:

- As jy jou lewe vandag as ’n tuin sou beskryf: Wat groei tans? Wat voel droog of uitgeput?
- Is daar iets in jou verlede wat jy lank as “verby” of “misluk” gesien het? Hoe verander dit jou perspektief om te dink dat God dit dalk as voeding gebruik?
- Kan jy dink aan ’n tyd waar God iets bygevoeg het toe jy uitgeput was? (’n persoon, ’n woord, ’n rus, ’n nuwe perspektief)
- Wat is een klein handeling hierdie week wat jou kan help om meer aandag te gee aan jou “tuin”? (bv. stilte, joernaal, stap, gebed, rus)
- Enige gedagtes na aanleiding van Sondag se boodskap?

## 5. DOEN

- Skryf jou naam op ‘n kaartjie en gee dan die kaartjie vir iemand in die groep. Ons kry geleentheid om hierdie week vir die persoon wie se kaartjie jy gekry het te bid. God is met ons elkeen besig. om vir ander te bid herinner ons hieraan.
- Deel met die groep: Enige terugvoer oor jou eie daaglikse joernaalinskrywings?

## NOTAS

## 6. GEBED

Waarvoor het jy gebed nodig vandag? Is daar dalk iets wat jy met die groep wil deel waaroor hulle vir jou kan bid? Bid vir mekaar. Sluit dan af met gebed in die groter groep. Julle is welkom om die volgende gedig te gebruik as afsluitingsgebed.

**Word 'n Lowergroen Vrugteboom**

Die Here is dié mense goedgesind
wat altyd in Sy Woord hul vreugde vind:
Wie dit oordink, soos sap vloei in die bome
geplant langs sterk en helder waterstrome,
hul dra hul vrug gereeld op hulle tyd
en ken geen droogte of onvrugbaarheid.

- Psalm 1



## GEDAGTES

